

6 Julie 2013

Skrifgedeelte: Eksodus 10:1-2, 8-15

Fokusgedeelte: Eksodus 10:13

Word versterk in die geloof

By die agtste plaag betrek die Here spesifiek die gelowige nageslag. Hy doen hierdie teken sodat die volk Israel aan hulle nageslag kan vertel watter dinge die Here in Egipte as vergeldingsdade gedoen het en om sy volk te verlos.

Met hierdie plaag sien ons weereens God se mag oor die natuur, maar veral ook oor die wind. Hy laat 'n oostewind opkom. Die oostewind word meermale in die Bybel gebruik om God se oordele mee uit te voer (Eseg. 17:10). Hy gebruik dit selfs in sy strafgerigte sodat ongelowiges tot berou en bekering opgeroep word. Dit is die droë wind uit die woestynggebiede wat plante kon doodskroei en wat mense kon siek maak, omdat dit met fyn stofdeeltjies belaaï was.

Die oostewind het 'n dag en nag lank gewaai en uiteindelik 'n enorme plaag sprinkane daarmee saamgevoer. Vanuit verre Arabië, wat God se almag ver buite die grense van Egipte uitdruk, bring hierdie wind 'n verskriklike verwoester wat alles opvreet wat groen is, sodat mens en dier sonder kos gelaat word in die hele gebied wat hulle inval – in hierdie geval die hele Egipteland waar die Egiptenare gebly het. As die farao Moses smeek om die ramp weg te neem, bring die Here weer 'n westewind wat al die sprinkane dadelik uit Egipte wegvoer en die swerm in die Rietsee waai waar dit omkom.

Vertel jou kinders en kleinkinders hoe magtig ons God is, wat selfs die winde tot oordeel en verlossing gebruik sodat hulle kan weet dat Hy die Here is. Word so saam met die nageslag versterk in die geloof sodat ons almal kan groei in ons geloofsverhouding met die Here.

Sing: Psalm 105:1, 10 (2001-omdigting)

Ds. HG Schutte (Suidkus)